Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die O.B.

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Jorrer SE WYNE

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Jorrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 14 FEBRUARIE 1945 No. 12

# KEUSE TUSSEN GESONDHEID EN PROVINSIALE GESAG

## Politici Skep Probleem Wat Nie Bestaan

*Die volk van Suid-Afrika staan op die oomblik voor 'n keuse wat enige mens, behalwe 'n politikus, met verbystering slaan. Die keuse is dat hy moet kies tussen sy gesondheid en die prestige van die provinsiale rade.*

*So 'n keuse is alleen moontlik omdat dit nie die volk is wat die keuse moet doen nie, maar die politici vir wie dit 'n wiskundige probleem is waarvoor selfs 'n Einstein sal terugdeins. „Eenvoudig geen oplossing nie," so lui die slotsom waartoe die luidrugtige parlement en die wankelmoedige kabinet gekom het.*

*Ons sê „gekom het," want hoewel daar nog geen finale besluit oor geneem is nie, is die uitslag reeds in die koukusse beklink, en heel vermoedelik sal die praatjies sommer in die vergetelheid gestoot word deur ander „meer belangrike" regeringswerk, of hoe dit ook al heet.*

'n Kommissie, twee jaar gelede aangestel deur die regering om ondersoek in te stel na die vraagstuk van volksgesondheid, het aan die einde van verlede jaar met drastiese aanbevelings gekom benewens skokkende onthullings. Volgens die verslag van die kommissie is die gesondheidsdienste van die Unie „'n beeld van verwarring" en „letterlik 'n lappieskombers". **Daar is 'n bonte versameling liggame wat beheer oor die gesondheidsdienste uitoefen met jaloerse ywer.** Die verslag lui dat „met so 'n verdeling van verantwoordelikheid tussen verskeie soorte openbare owerhede — sentrale, provinsiale en plaaslike — en met geneeskundige dienste so afhanklik van vrywilligheidsdienste, dit min verbasing wek dat die gesondheidsdienste in die Unie 'n beeld van verwarring bied — letterlik 'n lappieskombers."

**SKRIKWEKKEND**

Die kommissie verklaar verder dat daar 'n geweldige tekort is aan personeel en „'n ontsettende wanverspreiding" van personeel, op die grondslag van betaalkanse in plaas van behoefte.

**Daar is veral gekla teen die totale afwesigheid van enige voorkomende dienste met die gevolg dat tifus by voorbeeld 'n skrikwekkende toename openbaar selfs onder blankes!**

Ons het net enkele grepe geneem uit 'n verslag vol skrikbeelde. Hierdie verslag is nou deur 'n private lid, die voorsitter van die kommissie, by die parlement aanhangig gemaak by wyse van 'n voorstel wat die regering versoek om die toepassing daarvan „te oorweeg". Verstaan goed: **'n Kommissie wat deur die regering aangestel is en op staatskoste gewerk en aanbevelings gedoen het, se verslag word aanhangig gemaak deur 'n private lid in die beperkte tyd wat die parlement afstaan vir private lede!**

**„WERK"**

En toe het die tonge aan die werk gegaan binne die parlement. Dit het geklap en geklink. Maar onder al die geraas het die mure van die Provinsiole Jerigo's stewig blystaan. **Van regeringskant is beduie dat die toepassing van die aanbeveling, wat as eerste vereiste stel 'n sentrale gesag oor alle gesondheidsdienste, 'n eersterangse konstitusionele krisis sal veroorsaak omdat die provinsies nie van hul regte sal wil afstand doen nie. Asof die bevolking van die provinsies ander soort wesens is as die volk van die Unie wat gesondheid eis.**

Van opposisiekant is beduie dat daar „'n oplossing behoort gevind te word". Wat daardie oplossing is, is nie beduie nie. Volgens een koerant se vertolking is dit glo dat die provinsiale rade na reg eintlik darem nie juis beswaar hoef te maak nie, en buitendien darem ten minste ook nog altyd ietwat vir hulleself kan uithou en so hier en daar darem ook nog so 'n handjie sal kan bysit. Daar is dus eintlik geen keuse nie, behalwe tussen die regering en die alternatiewe regering.

**UITGEDIEND**

**Die feit bly egter staan dat die hele staatstelsel van die Unie totaal uitgediend en veertig jaar agter sy tyd is. Selfs waar dit die provinsiale stelsel nie geld nie, is daar voortdurend 'n keuse by die oplossing van 'n vraagstuk — die keuse tussen die stemme van die aasvoëls wat teer op die vraagstuk, en die oplossing daarvan. Verder is daar by behandeling van die probleme ook nog altyd die opgedronge keuse tussen Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie.**


**Wat die gesondheid van die volk betref, vir die volk self is daar geen keuse nie, want geen lid van die volk, behalwe die aasvoëls, sal 'n provinsiale raad bo sy eie gesondheid stel nie, en die volk van die provinsiale rade is tog immers ook die volk van die Unie.**

Nie die volk self is verdeel of staan voor 'n keuse nie, maar dit is die partypolitieke aasvoëls wat belang het by die provinsiale rade as 'n afsetgebied vir verslane aspirante en 'n opleidingskool vir die jong politici. Daarom dat geen politieke party gretig is om 'n verandering van die stelsel te bepleit nie. **Partypolitiek staan in die pad van die volk se gesondheid.**

# OPTREDE TEEN AMPTENARE

Die regering se vervolging van lede van die Afrikaner-Broederbond wat nie bedank het ingevolge die noodregulasie nie, het verlede week in Pretoria begin toe twee hooggeplaaste amptenare, t.w. mnr. W. du Plessis, gesantskap-sekretaris in die Departement van Buitelandse Sake, en mnr. J. Cloete, senior klerk in die Departement van Finansies, op aanklag verskyn het van oortreding van die noodregulasies omdat hulle nie uit die Broederbond bedank het nie. Albei amptenare is reeds meer as twintig jaar in die diens.

'n Ander hoë amptenaar, mnr. A. J. Bosman, sedert 1937 Ondersekretaris van Handel en Nywerheid, het sy bedanking ingedien as amptenaar omdat hy weier om uit die Broederbond te bedank. Ook prof. dr. Mönnig van Onderstepoort het bedank. Hy is ver buite die grense van die Unie bekend vir groot dienste wat hy met navorsing gelewer het.

Wees GESOND en STERK!

JOHAN HEFER sal vir u ook so'n mooi liggaam met reusekrag bou.

Skryf aan: Johan Hefer en meld u Liggaamlike Swakhede of vul hierdie koepon in: Johan Hefer Posbus 8809, Johannesburg.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u Kursus.

Naam.............................................

Adres.............................................

.............................................

# AANDAG!!

**EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.**

Bestel direk van Produseerder
**JOHN SCHOEMAN,**
**„EXCELSIOR"**
**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.



## SASBANK

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons tė raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

***Hou Koers Na***

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**

(Edms.) Bpk.

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

*Die Laan, Stellenbosch.*



ONDERSTEUN !!!!

**Poskantoor Haarkappers**

Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA

vir

DAMES en MANS

Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT


# WIL DUIWEL VERRUIL VIR BEëLSEBUL

## *Arbeidsleiers se Transaksie*

AS ONS DIE BESTAANDE ARBEIDSTYDSKRIFTE NOUKEURIG BESTUDEER, WORD ONS GETREF DEUR DIE FEIT DAT DIE HUIDIGE ARBEIDSLEIERS SOWEL AS DIE POLITICI WAT EEN EN ANDER OOR DIE ARBEIDSVRAAGSTUKKE TE SÊ HET, NIE PRESIES WEET WAT DIE WERKER EINTLIK WIL HÊ NIE. HIERDIE MENSE, DIE HUIDIGE ARBEIDERS EN DIE PARTYPOLITICI, VERKEER BLYKBAAR ONDER DIE INDRUK DAT DIE WERKERS HUL PRIVAAT KAPITALISTIESE BASE NET WIL VERRUIL VIR AMPTENARE VAN 'N KAPITALISTIESE OF KOMMUNISTIESE STAATSDIKTATUUR.

Laat ons die saak 'n bietjie van naby beskou. Die Nasionale Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad het 'n sogenaamde werkershandves deur 'n onderkomitee laat opstel. Ons herinner net vooraf daaraan dat die genoemde Uitvoerende Komitee uit 25 lede bestaan, byna almal, met enkele uitsonderings, voltydse amptenare van verskillende vakverenigings. Tussen hakies: skaars drie van hulle is Afrikaanssprekend terwyl die oorgrote meerderheid van die blanke werkers in ons land Afrikaanssprekend is. Ons noem dit nie uit rasseoorwegings nie, maar net om vas te stel in hoeverre hierdie Uitvoerende Komitee in staat is om die werklike wense van die hele werkersgemenskap aan te voel en te begryp.

**DWAAS**

As ons nou die werkershandves van hierdie vakunie-amptenare ontleed, vind ons tot ons verbasing dat hulle die toekomstige heil van die werkers onder beskerming plaas van die sogenaamde Verenigde Volke — 'n mengelmoes van onderling botsende imperialistiese ryke wat òf deur kapitaliste òf deur kommuniste regeer word!

**Hoe die werkers ooit onder hierdie uitbuiters, wat òf deur omkopende geldmag òf deur onderdrukkende staatsmag die leisels in hande hou, van enige bestaansveiligheid verseker kan voel, slaan 'n mens totaal dronk. Die werkershandves beroep hom op die Atlantiese Handves waarvan nog net 'n paar stukkies papier oorgebly het!** In die lig van die jongste wêreldgebeure is dit immers onmoontlik om te verstaan dat daar nog mense is wat glo dat die eenheid van die „Verenigde Volke" ooit bedoel was om meer as 'n tydelike oorlogsmaatreël te wees.

**AFGESAAGD**

Die s.g. werkershandves is verder op ses „fundamentele regte" gebaseer. Hierdie „regte" bestaan, afgesien van 'n paar vanselfsprekende menslike pligte — pligte wat geen staat of gemeenskap ooit sonder om homself te vernietig, lank kan misken nie, uit holle frases wat beide kommunistiese en kapitalistiese diktators tot vervelens toe gebruik om hul ware siel en oogmerk te verberg.

Die gewone laagbetaalde werkers van ons land wil graag aan die huidige arbeidsleiers en partypolitici baie uitdruklik sê dat hulle geen heil van die s.g. Verenigde Volke verwag nie, dat hulle moeg is vir abstrakte „regte" wat net oëverblindery is, dat hulle geen staatsosialisme wat net vermomde kapitalisme is, verlang nie. **Wat hulle begeer is 'n egte volksosialisme wat hulle in die geleentheid stel om self hul eie welsyn ongehinderd uit te werk en wat nie onder die plak van kommunistiese of kapitalistiese diktators, met die staatsmag in hul hande staan nie.**

Hierop kom ons later weer terug.

# Gevolge Van Internering Groter Ywer

Op 23 Januarie het generaal Tos Pienaar en prof. dr. C. Rautenbach, die aand in die stadsaal te Bethal 'n goed bygewoonde O.B.-vergadering so suksesvol toegespreek dat daar 'n versoek van die gehoor gekom het om maar langer aan te hou. Die sprekers het aan die versoek voldoen.

By hierdie geleentheid het die plaaslike generaal, genl. Naas Prinsloo, ook 'n kort woord tot die vergadering gerig as volg:

„Na byna twee jaar van ballingskap in eie land, na byna nog 'n jaar verlaag tot die status van pasdraer, ook in eie land, is ek vanaand weer vry om saam met u hierdie vergadering by te woon. Vir my is dit 'n aand van groot blydskap. Verstaan my goed! Nie blydskap omdat die owerheid wat my drie jaar gelede as staatsgevaarlik aangehou het, my nou totaal losgelaat het nie, maar wel om weer in staat te wees om my plig te kan doen, instede daarvan om in 'n doringdraadkamp te sit en te pleit vir my regte.

**LIEFDE**

„Laat ek u van hierdie eienaardigheid van 'n losgelate vertel: U moenie verwag dat die vernedering, die onreg en verpesting gemaak het dat mens nou wil wraak neem op dié wat dit toegedien het nie. **Nee! Al daardie dinge het gemaak dat mens groter liefde vir jou eie saak ontwikkel het. Daarom dan die ywer om weer in die tuig te spring en so jou volk te dien. Daarom sal u ook merk dat manne besadig daarin gegaan het maar fanaties daaruit kom.** Slegte behandeling, onreg en vernedering verwag 'n mens van jou vyand. Maar vandag is nie die tyd om daaroor te treur of te kla nie. Die haat is van minder belang, dit kom later. Want iemand wat vandag 'n groot rol in Europa speel, het gesê hy pak 'n vyand nie aan voordat hy hom nie kan vernietig nie."

Generaal Prinsloo het belowe om met 'n later geleentheid die volgende sake te behandel soos gesien van die kant van die geïnterneerde: Die O.B.-Noodhulpfonds, ons nie-vyandige houding teenoor die soldaat en ons bitter gevoel teenoor sekere van die leiers van die H.N. Party.

Hoofgeneraal Opperman was ook teenwoordig, maar het verkies om niks te sê nie sodat die besoekende sprekers alle moontlike tyd tot hul beskikking kon hê.

Hoofkommandant Hendrik Snyman het die vergadering gelei. Die O.B.-Wag was verantwoordelik vir die ordelike reëlings. — (Ingestuur).

## STUDENTE

Daar word 'n beroep gedoen op ouers wat kinders na die universiteite stuur om hulle aan te moedig om dadelik by hul aankoms in verbinding te tree met die O.B.-offisiere, sodat hulle ingedeel kan word by die studentekommando's. Die offisiere doen hul bes om die studente op te soek, maar dit kan baie help as studente hulle dadelik self aanmeld.

Op Stellenbosch kan hulle in verbinding tree met hfkomdt. dr. P. J. Coertze.

# GE-INTERNEERDES NIE VRY NIE

## Groot Ontberings Duur Voort

**As daar gesê word dat nog net 55 Afrikaners in die konsentrasiekamp van Koffiefontein sit en 11 in Andalusia, word vergeet dat baie, meer as 100, nog op plaasarres sit. Hulle is wel uit die kamp gelaat maar moet op een of ander plaas of plek sonder inkomste sit, van alle vryhede ontstoke, presies soos in die kamp. Die marteling duur voort.**

Nie dit alleen nie, die nood van hul gesinne, of hulle in die kamp sit of op plaas-arres, bly dieselfde.

Daarom klop die Sekretaris van die Noodhulpfonds nog steeds ernstig by ons aan. Daarom het hy nog ongeveer £1,300 per maand nodig om die wolf van die deur te hou.

Dag na dag is bykomstige hulp by die gereelde toelae aan die vroue en kinders nodig. Hulp soos vir **mediese, tandheelkundige en verplegingsdienste; vervoer soms, ook baie keer huisvesting, beskerming van assuransiepolisse, betaling van rentes** om te voorkom dat die eiendom nie verkoop word nie solank die broodwinner elders onder arres — weg van sy eie huis — moet sit.

Die vrylating van geïnterneerdes het nog min gedoen om die nood te verdryf. Maar elkeen wat enigsins begin verdien, word van die lys van afhanklikes van die Noodhulpfonds geskrap.

Die Noodhulpfonds het ondersteuning nodig solank die mense hulpeloos, òf in die kamp òf op plaas-arres buite die kamp onder hemeltergende en ekonomiese onderdrukkende beperking van 'n wrede interneringsbeleid sit.

Lede moet hulle nie deur kwaadstokers laat beïnvloed om hul ondersteuning te weerhou nie. Die hoofvrou van elke gebied word verantwoordelik gehou om elke geval wat ondersteuning ontvang, te ondersoek en aan die hoofkwartier te rapporteer. Verder is daar 'n staande uitnodiging van die sekretaris van die Noodhulpfonds aan enige goedgesinde persoon om die geouditeerde state van die fonds in sy kantoor te ondersoek.

## NUWE TYDSKRIF

Filma — een van die jongste Afrikaanse tydskrifte — is 'n weekblad gewy aan die Afrikaanse film-, toneel-, musiek-, skilderkuns, die radio en fotografie. Die eienaars is 'n Afrikaner-maatskappy.

Dit is 'n weekblad met 32 bladsye gedruk op kunspapier met talryke illustrasies en een van die netjiese tydskrifte vandag in omloop.

Hierdie blad voorsien aan 'n baie groot behoefte, nl. 'n Afrikaanse tydskrif oor bogenoemde onderwerpe. Hy is ongetwyfeld bedoel om elke Afrikaner wat in die kuns, die rolprent en die toneel belangstel te bereik. Hy is onmisbaar in die skool ,want hy bevat juis daardie voorligting wat ons mense en jeug vandag nodig het. Hy kan 'n teenvoeter van groot krag word teen die slegte uitlandse invloede. Hy kan help om 'n eie Suid-Afrikaanse film-bedryf op te bou, 'n Afrikaanse gees dwarsdeur die volk deur middel van die rolprent, die toneel, radio, musiek en beeldende kuns te dra.

In sy Januarie-uitgawe verskyn o.a. artikels, met afbeeldings, oor die skilderkuns van Pierneef; die Bybelkantate van S. Eyssen; die Marionette, die Sarie Marais-wedstryd, rolprente, ens.

Intekening 10/- per jaar by Die Besturende Direkteur, Filma (Edms.) Bpk., Posbus 42, Heilbron.

DIE O.B., WOENSDAG, 14 FEBRUARIE 1945

# NOODREGULASIE NO. 4/41

Bykans vier jaar gelede, in Maart 1941, het die Jingo-regering elke Afrikaner wat staatsamptenaar is, voor die keuse gestel om òf sy eed teenoor die Ossewabrandwag te breek deur die Beweging te bedank, òf uit sy amp en nering op straat gesmyt te word. Deur die O.B. se leiding is die sware keuse destyds van elke amptenaar se skouers afgeneem: oornag het hulle eervolle ontslag van die O.B. gekry en, sonder om hul eed te breek, is hulle buite bereik van die noodregulasie en sy strafbepalings gsit.

Nou het die Jingo-element weer so gehandel ten opsigte van 'n ander organisasie, die Afrikaner-Broederbond. Kragtens proklamasie No. 255/44, gebaseer op Noodregulasie No. 4/41, moes elke amptenaar wat lid is, voor 'n bepaalde datum sy bedanking indien, of hy maak homself aan wangedrag skuldig. Waarom het die regering so gehandel teenoor die Broederbond? Omdat dit 'n geheime vereniging is? Nee, anders sou hy die Vrymesselaars-organisasie ook bygetrap het. **Bowendien was die O.B. nie geheim nie en ook ons is, vier jaar tevore al, getref. Omdat dit volgens hulle on-Afrikaans is? Nee, anders sou hulle die uitlander-organisasie „Sons of England" ook getref het.**

Nee, hierdie regeringsklieke met 'n minderwaardigheidsgevoel het die Broederbond vervolg juis en uitsluitlik omdat dit Afrikaans is. Daarom loop die Vrymesselaars en Sons of England vry rond, ook in die kabinet. Veral in die kabinet.

**ONDERVINDING**

Die simpatie van die Ossewabrandwag teenoor die Broederband is vanselfsprekend. Dit is die simpatie wat uit soortgelyke ondervinding kom, soortgelyke ondervinding vier jaar gelede. En in die oorwinning wat ons voor streef, sal ons uit ondervinding weet hoe om te handel met daardie troetel-organisasies van die Empire wat vandag haantjie kraai oor alles wat inheems en trou Afrikaans is.

Daarom het ons ook nie met demokratiese proteste en geweeklaag vergaderings en artikels van stapel gelaat nie. Die O.B. kweek 'n tipe Afrikaner wat nie „kinders van die reg van protes" is nie, maar veeleer „kinders van die plig tot aksie" wanneer die uur van aksie aanbreek.

**Ons doel in hierdie artikel is derhalwe nie om by die regering te protesteer nie. Ons beskou meeste van die lede van die regering as benede protes.** Veelmeer is ons doel om ons respek en waardering te betuig aan sekere amptenare in Pretoria wat verkies het om op straat te gaan vir hul oortuiging eerder as om hul eed teenoor 'n Afrikanerliggaam te verbreek. Ons verneem dat hul leiding die saak aan elke broer oorgelaat het met die versekering dat dit hom nie ten kwade gedui sou word, as hy bedank nie. Nietemin het enige amptenare, wat tot ons kennis gekom het, verkies om liewers alles op die altaar te lê.

Aan hierdie Afrikaners, manne sonder vrees of blaam, wil die Ossewabrandwag na jare van stryd deur kamp en tronk, sy respek en sy waardering bring. Ons salueer julle, want op die wieke van so 'n gees word 'n volk tot sy hoogtes gedra.

Jul betrekkings het julle prysgegee; die agting van elke regskape Afrikaner het julle vir altyd gewen.

## Jode Het Geen Slaaplose Nagte Oor Vleis

**Jode staan nie in vleistoue nie, maar ontvang vleis van spesiale slaghuise.** Dit is erken deur mnr. Morris Alexander toe hy verlede week verduidelik het waarom Jode nie oor dieselfde kam geskeer word as ander mense nie.

Hy het gesê dat die Jode net Kosher-vleis eet wat deur enkele slaghuise verskaf word. **In Desember is in die Kaapse Skiereiland 14½ persent van die beskikbare beeste en 8 persent van die skape aan die Jode toegesê.** Hy het hierdie buitensporige porsie probeer goedpraat deur te verduidelik dat Jode net die agterkwarte van diere eet nie, en dat hulle dus eintlik net die **helfte** van die toegesegde porsie verorber. (Verdwyn die ribbetjies en rugstring miskien op die swartmark?). **Dan eet die Jode ook nie bevrore, verkoelde of blikkiesvleis nie en ook nie spek nie.** Die Jode kry dus nie meer as hul regmatige deel nie, aldus mnr. Alexander.

**Ons wonder wat die Jode sal sê as die Christene in ons land dieselfde houding begin inneem teenoor hul godsdiensopvattinge omtrent voedsel as wat hulle inneem teenoor ons opvatting ten opsigte van Sondagsheiliging — wat hulle eenvoudig vertrap met hul kommunistiese bioskoopvertonings waarvoor hulle hulself toestemming gee in die Kaapse stadsraad.**

### RAPPORTEER ASB.!

**'n Vriendelike beroep word op ons intekenare gedoen om elke geval waar die O.B.-koerant laat afgelewer word, dadelik aan ons te rapporteer met spesifieke vermelding van die tyd waarop die aflewering plaasgevind het.**

**Die blad word Woensdae hier gepos sodat dit Transvaal Saterdae reeds kan bereik en die suidelike deel van Kaapstad nie later as Donderdae nie.**

# Rusland en die Magsverskuiwing

**(Deur prof. J. A. Wild)**

In die verlede is reeds herhaaldelik op die geweldige magsverskuiwing in die wêreld gewys wat gedurende die huidige oorlog en veral as gevolg daarvan besig is om plaas te vind. Hier word bedoel die geweldige magsontwikkeling van die „Russiese Kolos", soos veldm. Smuts die Sowjet-Unie in sy „ontploffbare" toespraak van 1943 reeds bestempel het. Hierdie Bolsjewistiese magsontwikkeling is waarskynlik die betekenisvolste en vir die toekoms van die mensheid gewigtigste gevolg van die twee wêreldoorloë wat ons sedert 1914 beleef het.

Die harde werklikheid van Russiese oormag, hoewel dit in Geallieerde kringe ookal verdoesel word, dring hom daagliks aan ons op. 'n Mens kan haas geen koerant in die hand neem nie sonder om daaraan herinner te word. Hy verskyn veral in twee gestaltes, nl. in 'n magspolitieke en in 'n ideologiese gestalte.

**SY MAGSPOLITIEKE GESTALTE**

Daar is 'n legio voorbeelde van Russiese magspolitiek en magsontwikkeling sedert 1941. Daar is b.v. die geweldige suksesse van die Russe op die slagveld. As gevolg van hierdie militêre suksesse het die Russiese magspolitiek hom ver buite Russiese landsgrense uitgebrei. Die Russiese magspolitiek het meer as ooit te vore 'n wêreldpolitiek geword. Gehelp deur die militêre bedrywighede van sy westerse bondgenote teen Japan, sy ou vyand in die ooste, en teen Duitsland, sy groot konkurrent in die weste, is die Sowjet-Unie soos nog nooit in die geskiedenis vandag in die allergunstigste geleentheid gestel om sy magspolitiek te ontwikkel. Van hierdie geleentheid maak hy ook ruimskoots gebruik en wel nie alleen teen sy openlike vyande nie maar ook teen sy bondgenote. Die bondgenoot wat dit uit die aard van die saak die meeste moet ontgeld, is Brittanje. Dit is dan ook geen toeval dat nie die sentraler geleë Londen nie maar Moskou of Washington die ontmoetplek van Geallieerde staatsmanne geword het nie. Dit is geen toeval nie dat die bejaarde Churchill en die liggaamlik swakke Roosevelt lang, gevaarvolle en moeilike winterreise na Teheran of Russiese Swartsee-gebied moet aflê as hulle met Stalin wil beraadslaag. Skaars is hierdie beraadslagings beëindig en is Churchill terug van Moskou waar hy met die Sfinks van die Kremlin die een of ander moeilikheid insake Pole of die Balkan bespreek het, of daar is nuwe gevaarplekke in Iran of in Wes-Europa waar die Russe hulle, ten koste van hul westerse bondgenoot, laat geld. Skaars is in Londen die gedagte van 'n Wes-Europese blok uitgespreek, met Brittanje aan die hoof daarvan, of De Gaulle, die vroeër Britse beskermling reis na Moskou om 'n bondgenootskap met die Kremlin te sluit. Vlugteling-regerings wat vir die Duitsers gevlug het en al die jare onder die beskerming van Londen gestaan het, het skielik oor mekaar geval om tog maar in die goeie boeke van Moskou te kom. Dit word dikwels gedoen in stryd met Britse belange en ten koste van Britse prestige.

**SY IDEOLOGIESE GESTALTE**

Die Russiese magsontwikkeling het nie alleen 'n politieke maar ook 'n ideologiese gestalte. Daar is vandag geen land in Europa of Asië en nouliks in die hele wêreld waar Russiese invloed, met Russiese magspolitiek en Bolsjewistiese ideologie as fondamente, nie aan die uitbreiding en op die voorwaartse mars is nie. Die Sowjet-regering wat gedurende die oorlog skielik en tydelik „respektabel" in die oë van die Angel-Saksers geword het, was nog altyd permanent en konsekwent revolusionêr in sy ideologie al het hy die Komintern ook honderd maal oor boord gewerp en al het hy ook nog so „godsdienstig" geword.

Die Bolsjewistiese appèl en boodskap word aan die lydende proletariaat van die hele wêreld gerig. Aan 'n wanhopige mensheid word belowe bevryding van „gebrek, vrees en lyding." Om hierdie verhewe doelstelling te verwesenlik en al sy energie en magmiddels daarop toe te spits, het Rusland een van die magtigste diktatorskappe in die wêreldgeskiedenis in die lewe geroep en georganiseer. Hierdie diktatorskap word origens deur 'n uiters doelmatige en ingewikkelde stelsel van geheime polisie bedien.

Om sy doelstellings buite sy eie landsgrense te verwesenlik, het die Bolsjewistiese Rusland 'n nuwe taktiek in die magspolitiek ontwikkel: daar word nl. 'n beroep op die buitelande mensemassas gedoen om te organiseer, hul ou kapitalistiese instellings te ondergraaf en uiteindelik om op te staan teen die regerende klasse in die verskillende lande. 'n Klassestryd word dus doelbewus in die hand gewerk. As die sosialistiese rewolusie nou eenmaal voltooi is, dan sal die in-Angel-Saksiese-landegehate totalitariese staatsvorm 'n oortolligheid wees en in 'n nuwe soort van „klaslose demokrasie" verdwyn. Dat hierdie werk, geïnspireer en beheer deur Moskou, gedoen word deur kommunistiese Quislings van die verskillende lande, lê voor die hand. Moskou skuil graag agter hierdie onskuldige Quislings en die demokrasie."

Die oorlogsontwrigting en die vreeslike lyding wat daarmee gepaard gaan, gee aan die kommunistiese wekroep 'n weerklank in die wêreld wat hy voor die oorlog alleen in agterlike lande geniet het. Die ideologiese sy van die Russiese magspolitiek word dus in alle lande van die wêreld in versterkte vorm aangetref. Russiese militêre oorwinnings en kommunistiese ideologie werk saam om Russiese invloed oor die hele wêreld te versterk.

Hiervan is selfs ook die westerse bondgenote bewus. Watter teenmaatreëls word deur hulle getref?

**MAJUBADAG -VIERING**

DIE GENERAALSKAP VAN VRYBURG vier

**MAJUBADAG** te **VRYBURG** op

***27 FEBRUARIE 1945***

**Spreker:**

**Ons Adjunk-Komdt.-Genl.**

**(GENL. J. A. SMITH)**

DIE PLEK VAN BYEENKOMS EN TYD SAL PLAASLIK BEKEND GEMAAK WORD.

***Almal Welkom ! !***

# Dringend Benodig

VIR INBIND VAN O.B.-JAARGANGE HET ONS 'N TEKORT AAN DIE VOLGENDE NOMMERS VAN DIE 3de JAARGANG:

**Nos. 15, 37, 38, 39 en 42.**

DIT SAL WAARDEER WORD INDIEN OFFISIERE EN BRANDWAGTE WAT VAN HIERDIE UITGAWES HET, DIT SAL STUUR AAN:

***DIE BESTUURDER — VOORSLAG (EDMS.) BPK.***

**Bus 1411 KAAPSTAD**

# Ogies in die Nuus.

**MOONTLIK WAARSKYNLIK INDIEN......!**

In 'n poging om te bewys dat politieke partye dan 'n eg Afrikaanse skepping is en dat Die O.B. 'n onwaarheid verkondig as hy sê dat in die Boerestate geen partye bestaan het nie, haal Die Kruithoring 'n professor aan. Hier is die bewys:

**„As dit nie was vir die uitlanders, die goudvelde en die oorlog wat die hele staat omver gewerp het nie, sou politieke partye in alle waarskynlikheid ontstaan het." Inderdaad!**

**OPWINDING IN PLEK VAN PARLEMENTSLEDE**

Toe die Britse parlement onlangs moes besluit oor die oprigting van 'n nuwe gebou vir die Laerhuis, het die Eerste Minister, Churchill, sy waardering uitgespreek vir die feit **dat die gebou nie plek vir alle lede sal hê nie.** Hierdeur is die parlement in staat gestel om „die nodige intimiteit te bewaar as ook daardie gevoel van drukte en opwinding wat so 'n groot mate nodig is vir ons parlementêre verrigtings," aldus Churchill. M.a.w., hoe minder brein hoe groter opwinding?

**VERKEERDE „VOORSKRIF"**

'n Waarnemer van een van die Engelse koerante het onlangs die belaglike metode van vraestellery in die parlement beskryf. „Vir die publiek en baie van die lede beteken die antwoorde niks", het hy gekla, omdat uit 'n sestig vrae en meer, die minister net die nommers noem, en dan so vinnig dat dit klink soos 'n „doktersvoorskrif". **„Verlore tussen die vloed van vrae het een minister gister 'n antwoord gegee wat aan 'n ander vraag behoort, maar niemand het dit agtergekom nie," aldus die koerant.**

Blykbaar het 'n minister en 'n dokter nog dit verder gemeen dat albei se foute begrawe word.

**TE VEEL GEWAAG**

'n Parlementslid het verlede week by die polisie gaan kla dat 'n perske binne die parlementsgebou aan hom te duur verkoop is, volgens sy skatting. Die betrokke vrugtehandelaar het darem nie geweet dat hy nou met taai klante te doen het nie — klante wat hulself nie sommer tekort laat doen nie, selfs nie eens deur 'n vleistekort nie! Moontlik sal hy sy oor-

(Vervolg op voet van volgende kolom)

winshandel in die vervolg beperk tot die publiek buite die parlement, wat al gewoont is daaraan.

**ISAACS**

Die voorsitter van die Britse vak- en arbeidsraad is ene George Isaacs. Hy is ook benoem tot gesamentlike president van die wêreld-arbeidskongres wat tans in Londen sit en wat, volgens 'n ander mede-president, ene V. Kunznetziv, moet ontwikkel tot 'n nuwe „internasionale" (vanuit Moskou beheer?) Vermoedelik is George Isaacs ook van dié soort „werkers" wat 'n vet salaris trek as sekretaris van 'n vakbond, en alles van arbeid af weet omdat hy hom heelwat beywer het om dit aan ander te verskaf.

**GENL. GROBLER VRY**

Die talryke vriende van oud-generaal M. S. F. Grobler, van Pretoria, sal met vreugde verneem dat hy tans, na agtien maande, geheel en al vrygestel is.

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



**Mnr. Japie Trichardt**

**Hy is saam met 57 ander aangekla van hoogverraad. Na 'n gesloer van meer as twaalf maande is hy sonder skuldigbevinding geïnterneer.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner........"**

# Vrystater Verbaas Hom Oor Kinderspel

## Onwerklike Gedoente in Praathuis

„EK WAS VERBAAS OOR DIE KINDERSPEL," HET 'N PERSOON VAN DIE VRYSTAAT, WAT NIE JUIS 'N AKTIEWE BELANG IN DIE POLITIEK STEL NIE, AAN 'N VERTEENWOORDIGER VAN DIE O.B. GESÊ NADAT HY 'N BESOEK AAN DIE PARLEMENT AFGELÊ HET. ONS STEL DIE PERSOON SELF AAN DIE WOORD:

„Die eerste wat my getref het is die onordelikheid en gebrek aan belangstelling wat by die lede wat nog binne die saal was, aan die dag gelê is. Onderwyl 'n lid die woord voer, is daar 'n voortdurende stroom van lede wat uitstap en rondslenter, en dié wat in die banke bly, het geen ander belangstelling by wat daar gesê word nie, as om stuitlike aanmerkings en tussenwerpsels te maak. **Die hele besigheid het my so losgeruk van die werklikheid, met sy vraagstukke, voorgekom, dat ek dit nie anders as 'n groot kinderspel kan beskryf nie. Dit is duidelik dat elkeen maar net daarop uit is om met die beste sêgoed voor die dag te kom tot vermaak van die ander en tot vertoon van die eie party. Een lid het op sy sy gelê soos 'n getorpedeerde skip en het slegs in beweging gekom wanneer hy hom omgooi op die ander sy of wanneer hy die kop lusteloos oplig om 'n kinderagtige tussenwerpsel kwyt te raak.**

**LEEG**

Die onwerklikheid van die hele gebabbel kom die beste tot uitdrukking wanneer 'n lid sy toespraak beëindig, en dan sonder om eers te gaan sit, by die deur uitstap. In die meeste gevalle word dan van die oorkant af geantwoord op sy toespraak, onderwyl hy dan besig is om 'n koppie tee daarbuite te geniet of afleiding te vind in die geselskap van een van die baie slenteraars in die wandelgange.

**„Ek was veral getref deur die feit dat onderwyl daar gebabbel word oor die vleishonger, die Minister van Landbou nie eens op sy plek is nie, maar buite in die wandelgange rondkuier. Elke opposisiespreker wat aan die woord gekom het, het op dramatiese wyse na die leë sitplek gewys en die afwesige Minister dan die les gelees of in enkele gevalle tegemoet gekom met 'n wenk.**

**GEFLADDER**

Die lustelose onverskilligheid het op een stadium gewyk vir 'n opgewonde stortvloed van „orde! orde!" Dit is uitgelok, so het ek verneem, deur 'n moedswillige lid wat blykbaar opsetlik te naby aan die speaker se stoel verbygestap het. Hierdie gefladder in die duiwehok het, behalwe dat dit die „indringer" plotseling van koers laat verander het, egter geen groter bydrae gelewer tot die orde van die plek nie. **Kort daarna is hierdie tussenspel opgevolg deur die verskyning van 'n „agbare lid" met 'n perske in die hand, waarmee hy soos 'n vrugtekramer van bank tot bank geskuifel het om dit aan 'n hele paar „agbare lede" te vertoon.** Onbekend met parlementêre motiewe en roetine, het dit vanuit my hoek die indruk gewek van 'n kwaaijong wat sy skoolmaats belus maak op 'n verbode vrug. Later moes ek verneem dat die betrokke lid so pas teruggekeer het van die aanklagkantoor waar hy 'n beswaar gaan indien het omdat die perske binne die parlementsgebou aan hom verkoop is teen 'n breuk van 'n pennie meer as wat die vasgestelde prys sou wees—ten minste, so het die agbare lid geskat.

**„In elk geval, ek het 'n wyser man uit die parlement gekom. Ek erken dat daar nou en dan iets nuttigs opgehaal word, maar of dit die prys van soveel geld- en tydverkwisting regverdig, is 'n vraag wat die volk vir homself kan stel."**

## 4 GEE 8 SE BYDRAE

Agt lede van die Brandvlei-kommando se jukskeispelers het ter ondersteuning van die Kersfeesfonds 'n vriendskaplike wedstryd gereël waarop elkeen 10/- gegee het met die verstandhouding dat die wenners die bedrag stort.

Die wenners was: Jack Burger, Attie van der Westhuizen, Koos Zandberg en Floors Kotzé.




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WêRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BN2274

DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid by Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW


Ondersteun ons Blad


# Vlae en Baniere vir O.B.-Sametrekkings.

Die Ossewabrandwag is die draer van 'n grootse gedagte en taak. Gee uitdrukking daaraan deur u sametrekkings groots en aanskoulik in te rig.

***ORANJE-BANIERE:***

12 vt. lank, 12 vt. breed. Drie stukke met O.B.-wapen in kleure en vlerkspan van 38 dm. op middelste strook. Prys in geheel £9-10-0. Onontbeerlik vir aanskoulike sametrekkings op agtergrond van verhoog (buitelug en sale).

***ANDER BANIERE:***

(Oranje, blou of groen vlagkleure). 10 vt. lank en 3 vt. breed. Elkeen met O.B.-wapen van 19 dm. vlerkspan in kleure. Prys £3 elk.

***O.B.-VLAE:***

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) Kommandovlag (3½ vt. x 5¼ vt.) ... ... ... ... | £1 | 13 | 0 |
| (b) Boerejeugvlag (3 vt. x 5 vt.) ... ... ... ... ... | 1 | 10 | 0 |
| (c) Feesvlaggie (18 dm. x 30 dm.) ... ... ... ... ... ... | | 5 | 6 |
| (d) Feesvlaggie (12 dm. x 20 dm.) ... ... ... ... ... | | 3 | 6 |

Die ontwerpe, grootte en pryse is deur die Organisasieleier vasgestel.

Bestel van die amptelike voorsieners:

**PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (Edms.) BEPERK**

**Spoorbondkasgebou 507 — Bus 4892 — JOHANNESBURG**

| | |
|---|---|
| O.B.-Wapens in kleure (14 dm. x 10 dm.) | 3/6 |
| O.B.-Sangbundels ... ... | 2/6 |
| O.B.-Skryfblokke ... ... | 2/6 |

| | |
|---|---|
| K.G.-Knopie ... ... ... ... | 6d. |
| Jopie Fourie-Knopie ... | 6d. |
| Paul Kruger-Knopie ... | 6d. |
| K.G.-Strikkie ... ... ... | 6d. |

**Bestel vroegtydig by PUBLICITÉ vir die komende O.B. sametrekkings.**

